TOESPRAAK DEUR SY EDELE P W BOTHA DVD LV, EERSTE MINISTER, TYDENS 'N OPENBARE VERGADERING TE OUDTSHOORN OP 17 APRIL 1982.

Geagte meneer die Voorsitter, meneer Du Plessis, kollega, Minister Badenhorst, kollegas van die Provinsiale Raad hier teenwoordig, meneer Greeff en andere wat van ver gekom het, vriendinne en vriende.

Allereers my hartlike dank namens my eggenote en myself vir die baie vriendelike ontvangs wat ons vandag hier te beurt geval het, vir die vriendelike gesigte, die aangename geselskap. Ten spyte van ongure weersomstandighede wat u reëlings 'n bietjie ontwrig het, was dit van vanoggend af vir my duidelik dat u daarop ingestel is om hierdie dag 'n sukses te maak. Baie dankie vir u vriendskap.

Baie dankie ook vir u buurskap en baie dankie vir die feit dat ons ook twee geskenke vanaand ontvang het. Ek is seker ek sal kan deel in die geskenk wat my vrou ontvang het. Ek weet nie of sy in myne sal kan kom nie!

Ek herinner my dat, 10 jaar gelede, die aand van die groot vergadering waarvan u Parlementslid, meneer Badenhorst gepraat het, het ek ook 'n paar skoene persent gekry. Hulle hou nog en is nog heeltemal pragtig om te dra. Ek hoop dit is 'n simbool van die duursaamheid van ons vriendskap vir mekaar, as twee kiesafdelings en as mense wat 'n lang pad saam geloop het.

Nou u het, meneer die Voorsitter, ook gepraat van meneer Badenhorst se huwelik met mevrou Badenhorst natuurlik. Dit laat my dink aan 'n storietjie wat in ons eie lewe plaasgevind het toe ons op ons wittebroodsdae was. Dit was in die jaar 1943. Ons is maar albei jonk getroud. Moet nou nie daarvan aflei dat ons stokoud is nie. My vrou het glad te vroeg getrou.

Ons het/ ...

Ons het agt dae wittebrood gehou hier by Keurboomstrand en toe moes ek 'n reeks vergaderings begin, van Knysna af deur Port Elizabeth, Uitenhage, Graaff-Reinet, Aberdeen en uiteindelik aan die einde van die week op Jansenville. Daar was die mense gepak in die saal en waar daar ook 'n basaar was. Ek moes die basaar open en na die opening daarvan klim ek van die verhoog af, maar instede van die trappies te gebruik, klim ek toe sommer op 'n stoel af wat daar gestaan het en ek trap dit stukkend. Die Voorsitter, meneer Bekker, 'n baie eerbiedwaardige oubaas, kyk my so - hy het my goed geken - en hy sê: "PW, maar jy's nog swaar na agt dae se wittebrood!

Nou, ek moet sê meneer Badenhorst en mevrou Badenhorst, lyk vir my ook heeltemal goed.

Om meer ernstig te wees, ek het hoë waardering vir my kollegas van Oudtshoorn, albei, die Parlementslid en Provinsiale Raadslid, vir die werk wat hulle al oor baie jare vir die Party gedoen het en nog doen en ook vir ons land doen. Ek het ook hoë waardering, nie alleen vir meneer Badenhorst as Parlementslid nie, maar ook vir sy eggenote wat uit 'n familie kom wat 'n lang tradisie het in diens van die Nasionale Party. Dit is dus twee mense wat die agtergrond het om hulle diens te kan lewer, omdat hulle uit liefde hierdie Party gedra het deur die jare wat verby is. Ons wens vir hulle baie voorspoed toe.

Nou, meneer die Voorsitter, dit is seker gemeenplaas om te sê dat ons in moeilike tye lewe, want daar is nie een mens wat by sy volle verstand is, waar hy hom ookal bevind, wat nie sal begryp dat die wêreld in 'n gistingsproses is nie. Daar is verskeie krisispunte in die wêreld op die aardbol en daardie krisispunte is besig om al hoe meer in tempo en heftigheid toe

te neem./ ...

te neem. Een van sulke krisispunte is die Midde-Ooste met alles wat die afgelope tyd rondom Israel en die Persiese Golf plaasgevind het en wat dreig om enige oomblik in vlamme op te gaan.

'n Tweede krisispunt in die wêreld het ons in die afgelope week van verneem, met groot kommer in ons harte, naamlik die dreigende botsing tussen Brittanje en Argentinië. Twee Westerse nasies wat, soos dit op die oomblik lyk, nog steeds nader en nader aan 'n botsing met mekaar beweeg. Ek dink ons almal is met belangstelling vervul met die pogings wat daar aangewend word deur die Amerikaanse Regering en by name die Amerikaanse buitelandse minister, generaal Haig, om te kyk of daar nie op 'n vreedsame wyse 'n oplossing gevind kan word vir daardie dreigende botsing nie. Ek hoef vir u nouliks te sê dat indien daardie situasie sou handuit ruk kan dit rampspoedige gevolge vir die Westerse wêreld hê en soos Amerika, staan Suid-Afrika ook in die posisie dat ons vriendskaplike bande het met albei daardie lande en dat dit vir ons baie moeilik is, net soos dit vir Amerika is, om ons in te dink in 'n posisie dat daardie twee bevriende lande met mekaar in 'n oorlog sou verkeer. Daarom het die Suid-Afrikaanse Regering tot hiertoe, alhoewel hy alles in sy vermoë sal doen om te help om vrede te bewaar, hom streng neutraal gehou en nie kant gekies in hierdie aangeleentheid nie. Want vir die Westerse beskawing, vir die vrye wêreld, sal dit ongetwyfeld rampspoedig wees en hoe rampspoedig het ons vanaand nog nie 'n besef van nie.

Maar, dit is nie die enigste krisispunt in die Amerikas nie. Daar is ook ander krisispunte in Sentraal-Amerika wat gevoed word, onder andere, deur die bemoeiinge van Sowjet Rusland en sy satelliet, Kuba. Daar is ook 'n derde krisispunt aan al

die ander krisispunte/ ...

die ander krisispunte wat ek wil noem, naamlik Suider-Afrika. Suider-Afrika wat op die prioriteitslys is in die drang tot ekspansionisme van die kant van Sowjet Rusland en sy satelliete. Omdat, as Rusland daarin kan slaag om direk of indirek Suider-Afrika binne sy invloedsfeer te bring, en uit te ruk uit die invloedsfeer van die Vrye Wêreld, dan beteken dit dat hy vir alle praktiese doeleindes volkome beheer gekry het oor die meeste strategiese minerale van die wêreld. Goud, platina en talle ander strategiese minerale. En sou hy die strategiese minerale beheer, sou hy aan die Westerse Wêreld kan voorskryf op 'n ongeëwenaarde wyse. Daarom moet ons as Suid-Afrikaners, wanneer ons aan die toekoms dink, met die werklikhede rekening hou. Mense is geneig om, wanneer daar gevare dreig, of wanneer probleme opstapel soos donderwolke, 'n paar rigtings in te slaan. Die eerste is dat sommige mense hulle kop verloor en onverantwoordelike dinge wil aanvang. Andere die kry so op hulle senuwees dat hulle defaitisties raak en moet opgee. Andere die probeer ontvlug aan die gevaar deur te sê hy bestaan nie. So het mense verskillende reaksies. Die boodskap wat ek vanaand vir u wil bring, namens die Regering en namens die Nasionale Party, is dat ons met die werklikhede van Suid-Afrika en om Suid-Afrika moet rekening hou. Ek sal probeer om kortliks met daardie werklikhede te handel.

Ons moet nie maak soos die man wat gaan werk soek het by die Spoorwegstasie nie. Omdat hy geen kwalifikasies gehad het nie, het die Stasiemeester uiteindelik besluit nouja goed, uit wanhoop gedrewe sal hy hom maar 'n vlag gee en by die spoorwegoorgang laat waghou. Toe sê hy vir hom: "Maar kyk, sê nou vir my, as daar nou 'n trein van eenkant af kom en 'n motor van die ander kant en jy staan daar met die vlag, wat sal

jy maak?/...

jy maak?" Hy sê: "Meneer, ek sal die motor stop en die trein laat gaan". Hy sê toe vir hom dis reg. Hy sê: "Sê nou daar kom twee motors en een trein en die twee motors kom van weerskante af? Hy sê: "Dan stop ek die twee motors en ek laat die trein verbygaan." Hy sê: "Nee dis nog altyd reg". Maar sê nou daar kom twee treine van weerskante en twee motors van weerskante, wat maak jy dan?" Hy sê: "Meneer, dan hardloop ek na my suster, Sannie, se huis toe hier naby en ek sê: Suster Sannie, as jy 'n helske "smash" wil sien, daar moet jy by die spoorwegoorgang kom kyk"!

Nou, ek wil nie vanaand vir u op een van hierdie weë lei nie. Ons moet as redelike, rasionele mense wat ons vaderland liefhet, met die werklikhede van hierdie land en ons omgewing werk aan hierdie krisispunt op die aardbol. Want, wat is nou ons doel? Ons kan redeneer net soos ons wil. Ons kan aan hierdie politieke party behoort of aan daardie een. Ons kan aan hierdie kerk behoort of aan daardie een. Ons kan watter beroep beoefen, maar elke mens het sekere dinge waarna hy strewe. Dit is as hy 'n beskaafde wese is. Hy strewe na wat op daardie plakkaat staan, naamlik veiligheid. Elke mens soek veiligheid. Veiligheid in sy werk, veiligheid in sy omgewing, veiligheid vir sy huisgesin en hy soek vooruitgang, voorspoed en vryheid. Die vryheid wat opgesluit is in lewe. Hoe lewe ons in 'n wêreld wat verbysterend verander voor ons oë op tegnologiese gebied want die wêreld word kleiner weens die tyd wat ingekort word deur die afstande wat oorbrug word - in so 'n wêreld moet ons lewe. Nou is dit 'n feit dat ons ons nie kan losmaak van die res van die wêreld nie. Wat elders gebeur het, direk of indirek, het 'n invloed op die Republiek van Suid-Afrika, want ons dryf handel met die wêreld en ons is afhanklik van die buitewêreld vir die afset van ons produkte. Ons moet uitvoer en Suid-Afrika moet leer om meer uit te voer om te kan lewe. Ons moet kompeteer op wêreldmarkte en u in

Oudtshoorn/ ...

Oudtshoorn as 'n gemeenskap, weet dat u vir die belangrikste produk uit hierdie gebied hoofsaaklik toegewys is op wêreldmarkte. Ons moet ons mielies uitvoer. Ons moet ons wol uitvoer. Ons moet ander produkte maak en uitvoer. As dit sleg gaan in Europa soos dit op die oomblik sleg gaan op ekonomiese gebied, omdat ons handelsvennote 'n resessie ondervind en handelsprobleme het, dan affekteer dit ons uitvoere. Dan affekteer dit ons handel. Dit affekteer ons lewenswyse en ons eie ekonomie. En as dit gaan, soos dit nie alleen met hulle gaan nie, maar ook met Amerika op ekonomiese gebied en daar word ekstra maatreëls deur regerings- en ander instansies getref om daardie ekonomieë op 'n ander basis te plaas, dan gebeur wat in die afgelope jaar gebeur het dat die goudprys, wat vir Suid-Afrika een van die grootste handelsprodukte is, geweldig daal en dat honderde miljoene rande se inkomste vir die Suid-Afrikaanse Staat verlore gaan in een enkele jaar. Maar in die derde plek bly dit ook 'n feit dat vir 'n land soos Suid-Afrika, wat 'n jong land is en wat moet ontwikkel en wat mense het wat ontwikkel moet word, is dit nodig dat ons kapitaal van buite kan trek, want alleen deur die trek van buitelandse kapitaal kan jy ontwikkelingstake aanpak vir jou eie land en nuwe produktiwiteit skep en nuwe vermoë skep om mense te laat lewe en jou groeiende bevolkingsgetalle aan die gang te hou en op 'n hoër lewensstandaard te plaas. Dit is werklikhede waarvan ons nie kan wegkom nie. Ons moet rekening hou met wat in die wêreld plaasvind.

Die tweede werklikheid waarmee ons moet rekening hou is dat ons nie 'n homogene bevolking in hierdie land is nie. Ons moet daarmee rekening hou dat hier nie net Witmense in Suid-Afrika woon nie en die Witmense wat hier woon bestaan uit verskillende minderheidsgroepe. Hier is onder die Blanke

mense 'n/ ...

mense 'n Afrikaanssprekende meerderheidsgroep. Hier is 'n sterk Engelssprekende minderheidsgroep. Hier is 'n Porgutese minderheidsgroep van 'n paar honderd duisend. Hier is 'n Griekse minderheidsgroep. Hier is 'n Joodse minderheidsgroep. Hier is 'n Italiaanse-,Hongaarse- en Duitse minderheidsgroep om maar net 'n paar te noem, en elkeen van hierdie minderheidsgroepe het kultuurbelange en geestelike besittinge wat hulle graag wil behou. Hulle is bereid om met mekaar een nasieskap te deel terwyl hulle minderheidsgroepe se kultuur- en geestesgoedere in stand gehou moet word.

Maar hier is ander werklikhede ook en dit is dat, afgesien van die Blanke minderheidsgroepe wat hier in Suid-Afrika woon, is hier ook Kleurling minderheidsgroepe wat bestaan uit verskillende groepe. Maleiers, Griekwas, Bolandse Kleurlinge en andere, ook Asiërs. 2 500 000 Kleurlinge. Driekwart miljoen Asiërs. Dan is hier ander minderheidsgroepe. Swart minderheidsgroepe. Die Venda, Sotho, Tswana, Xhosa en talle ander en die feit bly meneer, dat ons kan maak wat ons wil maar ons kan hierdie samestelling van Suid-Afrika se bevolking nie verander nie. Dit is 'n feit. Met hierdie werklikhede moet enige regering rekening hou wat hierdie land wil regeer. 'n Regering wat dit probeer ignoreer, soek moeilikheid in 'n moeilike wêreld, want hier is ander magte wat inwerk op Suid-Afrika.

Hier is, soos ek tevore gesê het, onder Russiese leiding en onder die drang van Sowjet-ekspansionisme poging na poging om Suid-Afrika uit te ruk uit daardie invloedsfeer waarin hy vandag verkeer en om hom in te trek in die Russiese beheerliggame in.

Maar hier / ...

Maar hier is 'n tweede ding. Hier is aanslae op Suid-Afrika van buite. Propagandisties, sielkundig, diplomatiek, ekonomies, militêr en dan is daar ook pogings om rewolusie in Suid-Afrika te stig. Om Suid-Afrika te destabiliseer. Om arbeidsmoeilikhede te skep. Om onrus te skep en om die stabiele elemente wat in Suid-Afrika bestaan te ontwrig sodat jou ekonomie kan swak word. Want as jou ekonomnie swak word dan raak mense al hoe meer ontevrede. Dit is met hierdie magte wat Suid-Afrika te kampe het.

Daarby is ons 'n verdeelde gemeenskap. Verdeeld in die sin dat ons verskillende ideale het. Ek het die anderdag 'n lang gesprek gehad met 'n buitelander wat vir my wou vertel hoe Suid-Afrika regeer moet word. Toe het ek hom 'n eenvoudige storietjie vertel. Ek het vir hom gesê: "Man, ek wil nou hê jy moet vir my 'n guns bewys. Jy is nou so belangrik dat jy kans sien om hierdie land reg te sien binne 'n week. Nou wil ek jou 'n guns vra. Wil jy nie nou asseblief gaan probeer om 'n federasie gestig te kry tussen Lesotho, Transkei en Zoeloeland nie". Ek sê: "En as jy dit regkry, dan kom praat jy weer met my." Toe sê hy nee, maar hy besef dit is 'n onmoontlike taak. Toe sê ek: "Maar man, dat moet jy net asseblief vir ons toelaat om met die kundigheid en die kennis wat ons in Suider-Afrika het, ons probleme te probeer oplos. Moenie dit moeiliker maak deur jou inmenging nie. Laat ons net toe om die waarheid te soek op ons manier."

Dit is waarvoor ons vanaand hier bymekaar is. Om die waarheid te soek en hoe om die toekoms in te gaan in hierdie onstabiele wêreld, terwyl ons strewe na veiligheid, stabiliteit, voorspoed en na vryheid.

Ek dink /...

Ek dink, as u wil eerlik wees, dan sal u vir my toegee dat as u u oë toemaak nadat u die wêreldsomstandighede so op televisie gekyk het en u het 'n bietjie gelees daaroor, dat u vir my sal sê dat Suid-Afrika dit nogal wonderlik reggekry het om tot 'n groot mate stabiliteit en vooruitgang te handhaaf in die afgelope dekade of twee. Met ander woorde, dat ons eintlik 'n begenadigde land is. Begenadig deur die Voorsienigheid wat ons geseën het met sekere dinge. Maar, terwyl ons dit erken dat ons darem ook nie 'n te slegte regering intussen gehad het nie.

Meneer die Voorsitter, vryheid. Daar is 'n vryheidsdrang by elkeen van ons in hierdie saal en hy kom oor 300 jaar vandat die eerste vryboere hulle plasies begin het in die Boland. Daar in Daljosafat, Franschhoek en in Stellenbosch. Daarvandaan loop daar 'n goue draad van vryheidsdrang dwarsdeur ons geskiedenis totdat 'n volk homself konstitusioneel vry gemaak het in hierdie land en selfbeskikking in sy hande geneem het. Maar daarmee het ons maar nog net een stap geneem gehad op die pad van die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit was veral onder leiding van 'n man soos wyle dr Verwoerd dat daar iets anders gebeur het, naamlik dat hy gesien het wat in Afrika aan die kom is en dat hy met sy versiende blik gesê het ons moet die tydsgees reg lees en ons moet nie wag totdat die magte van vryheid op ons losruk en ons forseer om dinge te doen in Suider-Afrika nie. Daarom het hy gesê dat ons dit vir die Swart volkere wat wil vry word moontlik moet maak om vry te word. Hy het teenstand gehad. Mense het hom beskuldig van allerhande dinge. Hulle het hom beskuldig dat hy besig is om die Witman uit te verkoop. Hy is besig om grond van die Witman weg te gee. Hy is besig om te veel miljoene te spandeer aan Swart mense. Maar hy het voet by stuk gehou en hy het

daarin/ ...

daarin geslaag om 'n grondslag te lê - tragies soos dit was dat hy menslik gesproke te vroeg dood is. Te vroeg van ons weggeneem is. Maar onder sy leiding en deur sy bemoeiinge het ons daarin geslaag dat daar vanaand vier volke in Suider-Afrika is wat vry geword het sonder dat hulle 'n skoot hoef te geskiet het soos elders in Afrika.

Ons besef nie elke dag die implikasie hiervan nie. Ons besef nie elke dag wat ons hier in Suider-Afrika reggekry het nie. Dat daar sonder rewolusie en sonder bloedvergieting 'n patroon en formule geskep is waardeur mense konstitusioneel vrywording kon aanvaar en selfbeskikking kon aanvaar. Dat daar nog mense is wat op die pad geplaas is - Swart state wat selfregeer word - dat daar binne twee dekades 'n totale verandering gekom het op konstitusionele gebied, van 'n koloniale sisteem onder Britse beheer in Suider-Afrika tot 'n ry van onafhanklike state wie se gemeenskaplike belange vandag behartig word deur regerings wat met mekaar praat soos gelykes. Veertien dae terug, kon ons aan die begin van die maand aankondig dat daar 'n nuwe ekonomiese beleid vir Suid-Afrika uitgewerk is, met streeksontwikkeling en desentralisasie van nywerhede en dekonsentrasieprosedures en 'n nuwe benadering ten opsigte van landbou-ontwikkeling in agtergeblewe dele en dat ons die samewerking gekry het van al hierdie onafhanklike state wat uit ons onafhanklik geword het en dat hulle hul handtekeninge gesit het op 'n dokument dat hulle ons gaan help om daardie gebalanseerde ekonomie vir Suider-Afrika te help skep.
Dit is mos groot dinge wat ons bereik het. Want wat sou die ander gevolg gewees het as dit nie gebeur het nie. Dan sou ons pad die pad van Rhodesië gewees het of die pad van die Belgiese Kongo, of van Angola of van Mosambiek. Vanaand weet ons, dat met al die gebreke wat ons onderling het in Suider-Afrika, is hier onafhanklike regerings, Swart regerings, wat

saam met/ ...

saam met ons werk en wat saam met ons sê: "Ons staan teen die Kommunisme en ons is bereid om mekaar te help in die stryd teen Kommunisme." Dit is mos iets groots wat ons bereik het. Dit het opofferinge gekos. En dit het natuurlik ook, in 'n sekere sin, baie ander dinge gekos, want mense was dikwels onverstandig in hulle veroordeling van die Regering op hierdie pad. Nou hoop ons dat as ons daarin slaag om hierdie prent te voltooi, naamlik om die idee van vryheid en ekonomiese samewerking en veiligheid na te strewe, dat ons hier 'n konfederasie van Suider-Afrika state tot stand sal bring wat, alhoewel hulle hul eie onafhanklikheid het, as gelykes met mekaar sal beraadslaag oor die dinge wat van gemeenskaplike belang is. En is daar sulke dinge? Natuurlik. Daar is mense in hierdie land wat aan die politiek deelneem en wat vir u sê die idee van 'n konfederasie van state is onsin. Wat vir u sê ons is besig om die Witman uit te verkoop. Maar kom ons toets dit aan die werklikhede.

In die eerste plek, is dit nie waar dat ons in Suidelike Afrika te min water het nie en dat daar riviere is wat grenslyne vorm tussen ons en ander state in Suider-Afrika waarvan die water gebruik moet word in belang van die hele Suider-Afrika? Moet ons nie met mekaar daaroor praat nie?

In die tweede plek, is daar nie veesiektes wat ons bedreig waaroor ons met mekaar moet praat nie? Dit sal mos nou nie help om op die Limpopo te gaan staan en te sê" Kyk, Tsetsèvlieg, jy bly anderkant nie. En as jy oorkom sal ek jou regsien want ek behoort aan 'n sekere politiek party nie." Hy kom. Jy kan hom alleen beveg as jy metodes gesamentlik ontwerp om hom te beveg. Ons weet vanaand dat Onderstepoort en onder die leiding van ander wetenskaplikes van ons, daar geweldig baie gedoen word om in Suider-Afrika gesamentlike

aksie op die/ ...

aksie op die gebied van die bestryding van veesiektes te bewerkstellig. Maar gesondheidsdienste. Meneer die Voorsitter, hier worstel ons met Cholera in sekere dele van Suider-Afrika. As ons nie gesamentlike aksie kry teenoor sekere siektes wat homself openbaar in Suidelike Afrika nie dan kan ons mos nie na die geluk van mense strewe nie. En jy kan dit alleen doen as jy met jou buurlande gesprek voer en met hulle ooreenkomste bereik en met hulle gesamentlik besluit oor metodes om dit te bewerkstellig.

Daar is toerisme, en al groter wordende getalle kom na Suider-Afrika en wil hom graag sien en hulle bring geld. Is dit dan nie nodig dat ons op die gebied van toerisme mekaar sal verstaan en mekaar sal aanvul nie? Daar is so 'n legio van gemeenskaplike sake waaroor ons in Suider-Afrika moet saampraat en daarom het ek in opvolging van die werk wat my voorgangers gedoen het, gedurende die afgelope vier jaar uit my pad gegaan om groter pogings aangewend te kry met die hulp van die privaatsektor, met behulp van die konferensies wat ons gehou het met ons privaatsektor om gesamentlike aksies geloods te kry ten einde in Suider-Afrika 'n gesamentlike poging tot vryheid, veiligheid en voorspoed te bewerkstellig. Indien ons daarin slaag om die miljoene van Suider-Afrika 'n hoër lewenspeil te besorg, groter landbou aktiwiteit te verseker, beter gesondheidsdienste, beter behuisingsgeleenthede, meer werkgeleenthede, dan slaag ons terselfdertyd daarin om die moontlikhede vir rewolusie te beveg en ons slaag tegelykertyd daarin om 'n wal op te bou teen die Kommunistiese gevaar.

Dit is die werklikhede van Suider-Afrika, maar as ons al hierdie dinge reggekry het, en dit sal lank vat om dit reg te kry. In een geslag kan jy dit nie regkry nie en ek sien myself nie as die redder van Suid-Afrika nie. Elke Eerste

Minister kry/ ...

Minister kry op sy pad 'n geleentheid om maar net 'n paar treë te gee op die ontwikkelingspad van 'n land en van 'n nasie. Eerste Ministers kom en gaan, maar dit is die idee wat bly. Die idee is dat in hierdie land die Christelike beskawing en beskawingstandaarde en -waardes moet seëvier en dat chaos nie moet oorneem nie.

As jy in al hierdie dinge geslaag het dan bly daar 'n ander werklikheid oor in die Republiek van Suid-Afrika. Dit is dat daar stedelike Swart mense is wat rondom Port Elizabeth woon en rondom Oos-Londen en rondom Johannesburg en rondom Pretoria en daardie stedelike Swart mense is daar omdat ons hulle nodig het vir ons fabrieke en omdat ons hulle nodig het vir ons daaglikse arbeid. Maar hulle is mense en daardie mense is geregtig op menslike behandeling. Daarom is ons met groot programme besig in Soweto en ander Swart stedelike gebiede en is ons deur wetgewing in die Parlement besig om dit moontlik te maak dat eie bestuurstelsels ingestel word vir daardie mense en het my voorganger reeds in sy tyd gesê dat ons daardie bestuurstelsel toelaat om hoër status te bereik as munisipale status. Met ander woorde, ons sal tot 'n groot mate selfregering in daardie gebiede toelaat. Ons sal probeer om bande te smee tussen hulle en die nasionale en onafhanklike state. En, het ons gesê, ons sal dit nie probeer doen deur dit op hulle af te forseer nie, maar ons sal dit probeer doen deur oorleg, beraadslaging en deur gesprek. En ons slaag daarin.

Ek het in die afgelope tyd persoonlik aan baie van hierdie gesprekke deelgeneem. Mense kan van my sê net wat hulle wil, ek is van plan om daarmee voort te gaan. Dit is in belang van hierdie land en van sy veiligheid. Ek het in die afgelope paar weke twee Swart kerkmanne ontmoet. Die een, Biskop

Legenjani/ ...

Legenjani, wat 4 miljoen Swart mense verteenwoordig in die Zioniste Kerk in hierdie land, en wat vir my sê ek staan vir vrede en ek staan vir die Christendom en ek staan vir samewerking. Moet ek sy hand afslaan of moet ek sy samewerking soek?

Daar is Biskop Mokwena wat Rika verteenwoordig, 'n aantal Christelike Kerke onder die Swart mense met bykans vier miljoen lidmate en hy sê vir my meneer, ek staan vir aparte ontwikkeling, maar u moet een ding vir my help doen, u moet diskriminerende maatreëls afskaf wat kwets. Is dit verkeerd om met hom te praat? Is dit verkeerd om te soek na vrede. Vrede in Suid-Afrika sodat die rug van Suid-Afrika se soldate en Polisie op die grense gedek kan wees.

Meneer die Voorsitter, maar as ons met hierdie werklikhede gehandel het dan bly daar nog 'n werklikheid waarmee ons moet rekening hou en waarvan jy nie kan wegvlug nie en wat jy nie kan ontken nie en wat jy nie kan verkleineer nie. Dit is dat hier is 2 500 000 Kleurlinge in Suid-Afrika en 'n drie-kwart miljoen Asiërs in Suid-Afrika. Vroeër jare was dit regeringsbeleid gewees -daar in die jare 24 en tot daarna - dat die Asiërs gerepatrieer moet word na Indië. Een regering na die ander het probeer om met bedrae wat aan hulle betaal is, die Indiërs gerepatrieer te kry na Indië. Daar is met 'n klompie geslaag, maar uiteindelik het die stroompie doodgeloop want jong Indiërs is hier gebore en hulle het gesê ons wil nie meer na Indië gaan nie. Toe het dr Verwoerd in sy dag 'n verklaring gemaak waarin hy namens die regering gesê het dat die Indiërs in die toekoms nie meer gerepatrieer sal word nie, maar beskou sal word as Suid-Afrikaners. Hy het hulle 'n permanente deel van die bevolking gemaak.

Meneer die/ ...

Meneer die Voorsitter, toe het ons begin om hulle in dorpe en in gemeenskappe en stedelike gebiede te vestig waar hulle eiendomsreg gekry het. Waar hulle kon grond koop en huise bou en besighede oprig. Die Indiërgemeenskap van Suid-Afrika lewe vandag op 'n hoër peil as die meeste Indiërgemeenskappe in Afrika en elders in die wêreld. Dit is 'n erkende feit. Gaan kyk maar in Durban. Gaan kyk maar in sekere dele van Transvaal en kom kyk in sekere dele van Kaapland. Maar hier is 2 500 000 Kleurlinge en van die 2 500 000 Kleurlinge is iets oor die 300 000 Engelssprekend en oor die 2 000 000 Afrikaanssprekend. Hulle is gevestig in 255 dorps- en stedelike gebiede wat vir hulle verklaar is onder die Groepsgebiedewet en waar hulle grond kan koop en waar hulle besighede kan oprig en waar hulle Kerke kan bou en waar hulle skole kan bou en waar hulle hul gesinslewe kan ontwikkel en talle van daardie stedelike- en dorpsgebiede het so ver gevorder dat hulle op dieselfde lewenspeil al verkeer as die Blankes wat in Suid-Afrika woon. Maar afgesien van waar hulle woon is daar ook nog landelike gebiede waar Kleurlinge boer, soos langs die Oranjerivier en sekere dele van Namakwaland. Wat ek daaruit wil aflei is dat dit nie moontlik is om 'n nasionale staat vir die Kleurlinge te skep nie omdat die Nasionale regering dit onmoontlik gemaak het. Nie my regering nie. Die regering van dr Malan af. Omdat ons hulle geplaas het in hul eie groepsgebiede en in sommige landelike gebiede waar hulle boer. Ons het 'n nasionale tuisland onmoontlik gemaak met die behuisingskemas en die geld wat ons daarin gesteek het. Dit is 'n werklikheid. Ek wil net hê ons moet nie probeer ontvlug aan die werklikhede nie.

Maar 'n tweede/ ...

Maar 'n tweede ding wat waar is, is dit, dat van daardie Kleurlinge behoort byna 'n miljoen aan die susterskerke van die vier Afrikaanse kerke in Suid-Afrika. Te wete, die Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk, die N G Kerk, die Apostoliese Geloofsending. Aan hierdie vier kerke behoort byna 'n miljoen Kleurlinge. Van die orige miljoen behoort die meerderheid aan Engelse Protestantse kerke.

Wat vra ek nou vir Suid-Afrika? Ek vra Suid-Afrika om nog net een ding te doen. Daar is 'n ander werklikheid en dit is dat die Swart mense wel geleentheid het om politieke regte uit te oefen, net soos die Wit mense. Maar die Kleurlinge en Indiërs in Suid-Afrika het geen politieke regte nie. Gister het 'n foto in die koerant verskyn van die digter, S V Petersen, 'n Kleurlingdigter wat in Afrikaans dig, 'n bekende man. Hy het nie eens 'n stem waarmee hy kan bepaal hoe die sypaadjie uitgelê moet word voor sy huis nie. As dit met ons gebeur het dat ons geen politieke regte gehad het nie, sou ons dit aanvaar het? Maar ek wil die vraag anders stel - Het ons dit aanvaar? Die feit is ons het dit nie aanvaar nie. Ons het gespook van 1902 tot 1924 - dwarsdeur 'n rebellie - totdat ons uiteindelik politieke regte vir onsself en selfbeskikkingsreg verower het. Al wat ek vir die land se mense vra en vir Suid-Afrika vra is, help die Regering dat ons instellings daarstel waardeur dit moontlik is dat hierdie mense seggenskap kan kry.

Nou is daar 'n rusie op die oomblik in die politiek aan die gang oor twee woorde. Die twee woorde waaroor die rusie gaan is "magsdeling" en "een regering vir die land". Nou sê ek vanaand hier dat as jy kyk na Rusland se Grondwet dan staan daarin dat Rusland glo in die demokrasie. Maar die feit dat hy dit sê maak dit nie onmoontlik dat ons kan sê ons is ook

demokraties nie./...

demokraties nie, alhoewel ons 'n totaal ander vorm van demokrasie het. En in die VVO se stukke staan daar dat hulle staan vir die selfbeskikking van volkere. Maar die feit dat die VVO teen ons optree verhinder nie dat ons kan sê ons staan ook vir selfbeskikking nie. As mense nou sê omdat die Progs in Suid-Afrika sê hulle staan vir magsdeling mag ek daardie woord nie gebruik nie. Dan sê ek dis onsin, want jy kan verskillende vorme van magsdeling hê. Jy kan magsdeling hê met een gemeenskaplike kieserslys. Of jy kan magsdeling hê met proporsionele verteenwoordiging. Of jy kan magsdeling hê deur eie strukture te skep waar daar gemeenskaplike beraadslaging en besluitneming is oor gemeenskaplike belange. En wat is die gemeenskaplike belange? Wil u nou vir my sê Oudtshoorn se Stadsraad en die Kleurlinggemeenskap se bestuurskomitee moet nie met mekaar beraadslaag nie en as hulle beraadslaag oor gemeenskaplike belange neem hulle nie gemeenskaplike besluit nie? Of neem net een besluite? Medeverantwoordelikheid, dit het ons in ons Party se beleid geskrywe, maar as jy medeverantwoordelikheid vat dan moet daar mos 'n vorm van mede-besluitneming ook wees. Jy kan mos nie medeverantwoordelikheid hê as daar nie mede-besluitneming is nie. Of hoe wil jy medeverantwoordelikheid aanvaar as die besluitneming net van eenkant af kom? Dan is dit mos nie meer medeverantwoordelikheid nie. Die Regering is besig en het reeds in 1977 sekere voorstelle voor die land gehad en in daardie voorstelle was die volgende beginsels opgesluit.

Die eerste was dat ons as 'n Party vir die land gesê het, voor die verkiesing van 1977, daar moet 'n Uitvoerende Staatspresident kom en daardie Uitvoerende Staatspresident moet gekies word deur 'n Kieskollege bestaande uit Blankes, Kleurlinge en Asiërs, na verhouding. Met ander woorde, daar sou medebesluitneming wees oor wie die Staatspresident sou wees en hy sou uitvoerende gesag hê.

Die tweede/ ...

Die tweede beginsel was dat daar sou 'n Raad van Kabinette geskep sou word en hy sou werk soos 'n gewone Kabinet, bestaande uit Blankes, Kleurlinge en Asiërs.

Die derde beginsel was dat as daar 'n botsing van menings sou kom tussen die Kleurlinginstellings en die Blanke-instellings, dan sou die Staatspresident die finale seggenskap hê as daar- die botsing nie bygelê kan word deur 'n prosedure wat ons voorgeskryf het nie.

Met ander woorde, meneer die Voorsitter, mede-besluitneming en medeverantwoordelikheid was ingebou in die voorstelle wat die Kongresse van die Party in 1977 aanvaar het en wat die kieserspubliek by wyse van die algemene verkiesing van 1977 aanvaar het.

Ek het hier in my besit die pamflette wat ons destyds in elke huis laat beland het. Dit is deur die pos gestuur. U sal dit nog onthou. Suider-Afrika op die voorblad en so mooi met die foto's van die leiers en in blou op wit gedruk. Dit was in elke huis besorg. Ons mense vergeet hierdie goed.

Toe hierdie besluite nou deur ons mense goedgekeur is, toe het die Regering begin onderhandel met die Kleurlingleiers en die Asiërleiers en aan die begin het dit gelyk of hulle dit goed- keur. Toe het daar ander magte begin inwerk in Suid-Afrika en uiteindelik het dit op 'n mislukking uitgeloop. Hierdie 1977-voorstelle kon nie deurgevoer word nie. Omdat dit nie deurgevoer kon word nie het ons voor 'n dooie punt te staan gekom. Net in daardie tyd het daar iets anders in Suid-Afrika gebeur. Daar het 'n inligtingskandaal losgebars waaroor ek nou nie vanaand wil praat nie. Ons is maar almal 'n bietjie skaam daaroor. As gevolg van die Inligtingskandaal

het daar/ ...

Inligtingskandaal het daar nuwe regerings in Suid-Afrika tot stand gekom. Daar het 'n nuwe Eerste Minister gekom in my persoon. Ek moes die werk voortsit. Ek kon nie by die dooie punt bly staan nie. Daarom het ons besluit om 'n Gekose Komitee te benoem van albei Huise van die Parlement onder die Voorsitterskap van Oud-minister Schlebusch, wat destyds Minister van Binnelandse Sake was. Daardie Gesamentlike Gekose Komitee van albei Huise van die Parlement het vir maande aaneen gesit en beraadslaag en uiteindelik het hulle 'n verslag uitgebring. Snaaks genoeg oor sekere punte in daardie verslag het al die Partye saamgestem. Dit wil sê, die ou Suid-Afrikaanse Party-lede wat daar was en later ontbind het; die Progs wat daar was; die NRP-lede en die Regeringsparty, die Nasionale Party-lede, het almal saamgestem oor 'n paar punte.

Die eerste punt was dat almal gesê het jy kan nie in 'n land soos Suid-Afrika, met sy plurale bevolking, met sy veelvolkigheid, die Westminster-sisteem, wat ons tans het, gebruik om politieke vraagstukke mee finaal op te los nie. Jy moet hom verander. Almal het daaroor saamgestem.

Die tweede was dat almal saamgestem het die Senaat afgeskaf moes word.

Die derde was dat daar 'n Presidentsraad geskep moes word wat benoem sou word deur die Staatspresident bestaande uit Blankes, Kleurlinge en Asiërs wat moet probeer om 'n nuwe bedeling uit te werk nadat hulle getuienis ingewin het, en nadat hulle met mekaar beraadslaag het, moes hulle aanbevelings maak oor hoe 'n nuwe bedeling vir Suid-Afrika moes lyk.

Ons het die/ ...

Ons het die Senaat afgeskaf. Ons het die Presidentsraad saamgestel. Ons het 'n Vise-President sy Voorsitter gemaak, te wete meneer Schlebusch en hulle is nou vir meer as 'n jaar besig om te beraadslaag en hulle doen goeie werk. Hulle werk hard.

Nou is daar tekens dat hulle eerste verslae moontlik beskikbaar sal kom in die komende maande en nou kry mense dit op hulle senuwees. Nou is daar mense wat begin onrustig raak. Dit help nie om onrustig te raak nie, want met die werklikhede moet jy mee rekening hou. As jy in 1977 bereid was om hierdie beginsels wat ek vir u hier opgenoem het te aanvaar, waarom sal jy nou terugdeins daarvoor? Want wat is jou keuse as jy dit nie wil doen nie. As jy nie op eerste, tweede en derde vlak raadplegende liggame, mede-besluitnemende liggame wil skep nie. Wat is die alternatief? Ek vra hierdie vraag vanaand aan die mense wat weggebreek het van die Nasionale Party : Wat is julle alternatief? Moet nie met 'n klomp woorde speel nie. Woordkunstenaars het ons genoeg in hierdie land. Ons wil mense hê wat met werklikhede rekening hou, want as ons dit nie doen nie, dan moet ons vir onsself 'n paar vrae beantwoord. Wat wil jy met meer as drie miljoen mense maak wat nie seggenskap selfs eers oor hulself het nie?
Dit is goed genoeg dat hulle in Krygkor se fabrieke werk en lojaal ammunisie help maak vir jou seuns op die grense. Daarvoor is hulle goed. Dis goed genoeg dat hulle vrywillig lede van die Polisie en die Weermag word en saam help veg. Dis goed genoeg dat hulle in jou ekonomieë is en help om jou ekonomie stabiel en sterk te hou, maar dit is nie goed genoeg dat hulle oor gemeenskaplike belange met jou kan praat nie.

Watter soort/ ...

Watter soort van onsin is dit? Niemand vra mos dat die Witman se selfbeskikkingsreg vernietig moet word nie! Mense wat dit sê is kwaadwillig. Niemand vra dat u moet afstand doen van u regte nie. Iemand wat dit sê is kwaadwillig. En niemand is beter omdat hy 'n ander standpunt inneem nie.

Ek wil vir u aanhaal uit 'n toespraak wat 'n leier van die Nasionale Party gehou het voor die Transvaalse Kongres verlede jaar. Die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party op die 3de November 1981, net 'n paar maande terug.

Daar het hy gesê:

> "Daar is genoeg vyandige mense binne en buite Suid-Afrika wat die Nasionale Party wil breek en skeur en hom wil verhinder om die land te regeer volgens die beginsels en beleid wat die meerderheid kiesers goedgekeur het. Moenie dat ons in hulle kaarte speel nie. Neem nou byvoorbeeld die knaende pogings om onmin te saai tussen die Nasioale Party van Transvaal en sy Hoofleier, meneer P W Botha. Ons het in ons manifes gesê die verdeling van mag tussen Suid-Afrikaanse Blankes, Suid-Afrikaanse Kleurlinge en die Suid-Afrikaanse Indiërs, met 'n sisteem van konsultasie en mede-verantwoordelikheid waar gemeenskaplike sake geraak word, tegelykertyd. Dit bring mee dat die groepe selfbeskikking moet hê oor eie sake en dat daar betrokkenheid moet wees van almal ten opsigte van gemeenskaplike belange op 'n wyse wat nie ons selfbeskikking aantas nie."

Dan het hierdie leier van die Nasionale Party sy toespraak afgesluit met 'n baie ernstige beroep op die Kongres.

"Vergun my/ ...

"Vergun my 'n paar opmerkings" het hy gesê, "Jy is nie regs omdat jy gif saai teen die Nasionale Party en sy leiers nie, want dan het jy 'n skindertong. Jy is nie regs omdat jy sê die Regering doen alles net vir Swart mense nie, want dan is jy 'n leunaar. Jy is nie regs as jy net die belange van die Afrikaners en Blankes bevorder nie, want dan is jy selfsugtig, kortsigtig en gevaarlik vir tussen-volkse verhoudinge en in stryd met die gees van Christenskap. Is 'n man regs as hy selfs met liberaliste saamwerk net om die Nasionale Party te benadeel? Dis beginselloos en opportunisties." Jy is ook nie regs as jy alle linkse koerante fynkam vir 'n beriggie tot nadeel van die Nasionale Party en dit dan deel van jou klagstaat teen die Nasionale Party maak nie. Dis kwaadwillig en verwerplik. As jy geen beter beginsels en beleid as die Nasionale Party het nie en jy het nie, moenie verskille fabriseer nie en moenie onnodig mense wat in beginsel en in beleid bymekaar hoort, in vyandige kampe jaag nie."

Die man wat hierdie woorde gebruik het, is dr Treurnicht.

Meneer die Voorsitter, toe ek Leier van die Nasionale Party geword het, onder baie moeilike omstandighede, vier jaar gelede, en in die middel van die Inligtingskandaal - dit was nie lekker nie; hofsake het gedreig; een skandaal na die ander het uitgekom; geld van Suid-Afrika is gebruik vir dinge waarvoor dit nie gebruik moes word nie en waarvoor die Parlement nie magtiging gegee het nie; ons moes daardie Inligtingskandaal oorleef - daar was in die Koukus van die Party 'n verskil van mening wie Eerste Minister moes word en ek het dit met 'n meerderheid geword. Ek het een ding besef en dit is dat ek moet probeer om die grootste moontlike mate van eenheid in Suid-Afrika tot stand te bring. Want ek het besef dat ons 'n gevaarlike tyd tegemoet gaan en dat in eenheid lê krag. Daarom het ek nie gehuiwer om mense wat teen my was in die

Party en wat/ ...

Party en wat teen my gewerk en gestem het, posisies te gee van vertroue, ook binne die Kabinet. Ek het geweet dr Treurnicht het nie vir my gestem nie. Ek het geweet dr Ferdie Hartzenberg het nie vir my gestem nie. Ek het geweet meneer Frank le Roux het nie vir my gestem nie. Ek het geweet meneer Thomas Langley het nie vir my gestem nie, maar ek het nie gehuiwer om meneer Thomas Langley Onder-voorsitter van Komitees in die Parlement te maak nie. Ek het nie gehuiwer om meneer Frank le Roux Adjunk-Speaker te maak nie en ek het nie gehuiwer om die ander twee here altwee lede van my Kabinet te maak en hulle my vertroue te skenk nie, saam met ander kollegas wat by my gesit het nie. Ek het nie verdien om op hierdie wyse behandel te word nie.

Want meneer, wat is die feite? Ek het gesê ek het met die volk oop kaarte gespeel en ek het met die land oop kaarte gespeel. Ek het niks vir u verberg nie. Ek het vir u gesê as hierdie Presidentsraad met voorstelle kom wat drasties afwyk van voorstelle van 1977 dan sal ek 'n paar dinge doen. Ek sal nie alleen die Kabinet daaroor laat besluit nie, maar ek sal dit terugneem na die Kongresse van die Party. Ek sal dit daar laat debatteer en as die Kongresse van die Party dit goedkeur en dis drastiese veranderinge dan sal ek verder gaan. Ek sal na 'n referendum gaan. Ek het selfs in die openbaar gesê ek sal ook die Kleurlinge met 'n referendum toets en die Asiërs as dit nodig word, want ons is nog nie seker dat die Presidentsraad se voorstelle aanvaarbaar sal wees nie. Maar wat ek wel ook gesê het is dit, dat selfs al sou die Kongresse dit goedkeur en selfs al sou dit by 'n referendum goedgekeur word dan sal daar een liggaam bly wat alleen verantwoordelik sal wees om daardie voorstelle in wetgewing om te skep en dit is die soewereine Parlement van Suid-Afrika, soos nou saamgestel. Is dit oneerlik? Is dit speel met u gevoelens of met

u belange?/ ...

u belange? Of is dit die pad van redelikheid, verstandigheid en die pad waarop ons die grootste mate van eenheid kan bewerkstellig in die oplossing van ons baie moeilike vraagstukke in hierdie land?

Is dit die tyd om Nasionale Afrikaners te verdeel en uitmekaar te jaag omdat sekere politici griewe het waarvoor ek nie verantwoordelik gehou kan word nie? En uitgediende politici voorsitters word op vergaderings om onmin aan te blaas.

Meneer die Voorsitter, ek het die pad van vrede gekies in Suid-Afrika omdat ek so min moontlik seuns van Suid-Afrika wil laat doodskiet. Ek het die pad van vrede gekies omdat ek so min as moontlik agter die rug van ons veiligheidsmagte onrus wil hê. As dit verkeerd is verwerp my. En as u my verwerp dan sal ek na my huis op Wildernis gaan sonder wroeging in my gemoed. Maar as u glo dat dit die pad van redelikheid is, as u glo dat dit die regverdige pad is, as u glo dat dit die Christelike pad is, kom ons vat mekaar se hand en ons doen dit ter wille van ons vaderland!

Ander mense tree af op die ouderdom wat ek bereik het in my lewe. Ek het geen ambisies verder in die politiek in Suid-Afrika nie. Al wat ek wil sien, wat moontlik moet gebeur is dat in 'n gevaarlike wêreld hier plek ingeruim moet word vir die verskillende volkere op 'n regverdige grondslag en op 'n grondslag dat stabiliteit gehandhaaf kan word sodat die wat na ons kom in hierdie land kan bly lewe.

Dankie Oudtshoorn dat u na my geluister het op die wyse waarop u dit in 1966 gedoen het. In 1966 was daar ook twyfel in die harte van die Nasionale Party se mense. Dit was 'n moeilike ekonomiese tydperk. Ons het tussenverkiesings amper verloor

in daardie/ ...

in daardie tyd. Toe het Oudtshoorn se mense 'n voorbeeld gestel. Ek het vanaand nog in my besit 'n volstruiseierdop waarop die syfers 4848 staan wat meneer Fanie Potgieter op my bank in die Parlement kom neersit het.

Meneer die Voorsitter, Oudtshoorn, baie oë is op u gerig, ook in hierdie tyd, of u die stabiliteit en die eenheid van die Nasionale Party sal help bewaar. Ek hoop u sal u verantwoordelikheid soos in '66 aanvaar.

Ek wil afsluit. Dit is waar dat feitlik in elke Eerste Minister se tyd in ons geskiedenis daar moeilikheid gekom het omdat daardie Eerste Minister 'n rigting ingeslaan het wat hy geglo het in belang van die land is. Dan het ander mense vasgesteek. In dr Malan se tyd was daar moeilikheid. Daardie moeilikheid moes oorkom word. Onder andere was daar moeilikheid in 1947 voor die algemene verkiesing van 1948 tussen dr Malan en advokaat Strijdom en advokaat Strijdom was 'n sterk figuur. Dit het gegaan oor samewerking met meneer Havenga en oor standpunte ten opsigte van die tweeling. Meneer Strijdom het verloor in die Federale Raad van die Party en hy het verloor in sy Hoofbestuur en toe het hy 'n beroep op sy Kongres gedoen. Dit was my voorreg om daardie Kongres by te woon. Dit was 'n groot oomblik. Hy het voor daardie Kongres as leier gaan staan in Transvaal, Pretoria, daardie oggend en hy het sy standpunt gestel, sterk en kragtig soos hy kon doen. Na hom het dr Malan gepraat. Dr Malan het met sy sterk stem sy standpunt gestel en die Kongres het gestem. Meer as twee-derdes het gestem vir dr Malan en minder as een-derde vir

advokaat Strijdom/...

advokaat Strijdom. Hier is 'n baie interessante brosjure wat geskrywe is wat 'n lesing bevat van professor H B Thom oor daardie tydperk wat die moeite werd is om te lees. Toe advokaat Strijdom daardie oggend verloor op die Transvaalse Kongres het hy nie weggebreek en weggestap nie. Hy het soos 'n man opgestaan - ek het vir hom dit sien doen - na die mikrofoon toe en hy het die mikrofoon in sy hand geneem en hy het gesê: "Die beslissing het geval. Ek sal by my leier staan."

Maar u sien, Hans Strijdom was 'n man gewees. Meneer Mitchell van Suidkus in Natal, sy geswore vyand, het eenmaal in die Parlement na sy dood gepraat en hy het gesê "He was a man's man." Ek sê dit vanaand, Hans Strijdom was 'n man onder manne.

Maar hierdie manne wat met my verskil het in hierdie tyd het agter my rug die Transvaalse Hoofbestuur bymekaar geroep terwyl ek met werk besig was in Suidwes. En as dit nie was dat andere gesê het, maar dis alleen regverdig dat die Eerste Minister ook voor die Hoofbestuur verskyn, dan sou ek nie daar verskyn het nie. Ek het gegaan en die Hoofbestuur van Transvaal het sy imprimatur geplaas op wat die Koukus gesê het, reg is. Toe is daar nie gewag vir die Kongres nie, waarheen ek bereid is om te gaan. Ek sàl na die Transvaalse Kongres gaan. Ek sàl voor hulle verskyn en ek sal my saak voor hulle stel, maar iemand anders sal nie daar wees nie, want hy het geloop, anders as wat Hans Strijdom gedoen het.

Na dr Malan het advokaat Strijdom Eerste Minister geword. Hy het moeilikheid gekry met dr Wassenaar van Pretoria. Dr Wassenaar het oral vergaderings deur die land gehou en advokaat Strijdom het voet by stuk gehou en hy het uiteindelik die volk oortuig dat hy reg was en dr Wassenaar het gaan lê.

Na daardie/ ...

430.08.1.3

Na daardie episode het dr Verwoerd Eerste Minister geword en hy het sy pad gekies wat ek netnou aan u beskrywe het. En Japie Basson en andere het teen hom opgetrek in die Koukus van die Party. Hulle is uit die Koukus uit. Maar Verwoerd het oorwin omdat hy reg was. Meneer Vorster het gekom na dr Verwoerd en meneer Jaap Marais wou hulle nie neerlê by die Koukusbesluite en by die Party-Kongresbesluite nie. Alhoewel, ek wil tot hulle krediet sê dat meneer Jaap Marais tot by die Kongres gegaan het. Hy het nie gehardloop voor die Kongres nie. Hy het minstens daardie moed gehad.

Daarom is dit niks snaaks dat daar met Hoofleiers gebots word nie, maar iemand moet hierdie land lei onder moeilike omstandighede en almal kan hom nie gelyk lei nie. Dit is nie moontlik nie. En as die leier te swak is. Kom ons raak van hom ontslae. Ek sal u help. Maar solank as wat ek leier is, lei ek!

Dit is my boodskap aan u vanaand. Ons leef in 'n moeilike wêreld. Ons leef in 'n onrustige wêreld. Kom ons beweeg vorentoe, biddend, terwyl ons mekaar se hande vashou ter wille van die vrede, die veiligheid, die voorspoed en die vryheid van ons Vaderland.

185/82(E)/K

# STATEMENT BY THE PRIME MINISTER REGARDING THE EXCHANGE OF KOZLOV

1. I have great pleasure in announcing that an exchange took place in Europe today, involving the South African National Serviceman, Sapper Johan van der Mescht.

2. As Honourable Members no doubt may recall, Sapper van der Mescht had been held prisoner by SWAPO since February, 1978.

3. He will be arriving in South Africa shortly, and will, as soon as possible, be reunited with his family and those near and dear to him.

4. In the transaction the Russian KGB spy, Major Aleksei Kozlov, was exchanged for nine persons including Sapper van der Mescht and eight very important Western intelligence agents who had been in custody behind the Iron Curtain for some considerable time, and in respect of whom all previous efforts at release had failed.

5. The exchange was the culmination of difficult and protracted negotiations carried on at intervals and in secret over many months.

6. As regards the party who handled negotiations on our behalf, I feel compelled, by way of an exception, to violate my personal public approach to matters pertaining to the actions of the National Intelligence Service. In giving credit where

credit is/ ...

430.08.1.3

credit is so patently due, I would therefore like to avail myself of this opportunity, Mr Speaker, to congratulate the Director General and his personnel of the National Intelligence Service, on the capable manner and with the measure of success with which they conducted the difficult and direct negotiations with the Russian Intelligence Service, the KGB.

7. Mention must be made of the fact that during the negotiations determined efforts were made to also secure the release of the Russian dissident Anatoly Victor Scharansky. Due to factors over which the Republic of South Africa had no control whatsoever, this effort was not successful. Appreciation for South Africa's efforts in this connection was, nonetheless, expressed by Rabbi Rabinowitz of Israel in the Jewish Herald of 3rd November 1981.

He said:-

"......and, incredible though it may sound, South Africa offered to exchange a high ranking Soviet spy, a Col. Kozlov for -- Victor Scharansky, one of the prisoners of ZION held by Russia, to enable him to proceed to Israel. For that noble and unparalleled gesture on the part of South Africa I am prepare to forgive her all her failings."

8. The release of eight high-ranking Western agents illustrates not only the success achieved during the negotiations, but is also clear proof of the Republic of South Africa's goodwill towards Western countries and our active contribution to the free world's struggle for survival against Communist domination.

9. I trust/ ...

9. I trust that this approach of South Africa will not go unnoticed with these Governments. I refer especially to those who have recently displayed a sharply hostile attitude towards our country.

10. The successful conclusion of this matter can be ascribed largely to the fact that it was handled professionally and under conditions of the utmost secrecy. The ethics of intelligence work demand that it be performed without fanfare, and I would like to emphasise that no further information about the negotiations will be supplied to this House or to any of the media.

11. In conclusion I want to plead with all decent and reasonable South Africans to appreciate the valuable work done by members of our three intelligence services (Security Police, Military Intelligence and the Department of National Intelligence), who are working under strain and often dangerous circumstances. Irresponsible gossip and speculation of these groups of men and women, not only harm them in their work, but also our own security.

..ooOoo..